wesizwe

NAGESIENE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE INLIGTING

vir die ses maande geëindig 30 Junie 2012

HOOGTEPUNTE

- Op 30 Junie 2012 is 'n totaal van 68,894 skofte, gelykstaande aan 655 927 man-ure, sonder enige noodlottige ongelukke of verlore-tyd beserings gerapporteer. Die projek is sedert aanvang tot 30 Junie 2012 ongeluk- en beseringsvry.
- Die verskerpte fokus op veiligheid het weereens goeie resultate opgelewer en ons beklemtoon die belangrike rol wat ons verskeie kontrakteurs in hierdie verband speel.
- Die Bakubung Platinum Myn ontwikkelingsprojek het oor die afgelope ses maande 'n gemiddelde 30% van die totale personeelgetal uit die plaaslike gemeenskap in diens geneem.
- Wesizwe het 'n hersiene geraamde kapitaalbegroting vir die Bakubung Platinum Myn van R7.9 miljard (reële terme in 2011) aangekondig, vergeleke met die vorig geraamde R6.5 miljard.
- Aanstelling van Aveng Grinaker-LTA Mining as die skagsinkingskontrakteur vir die Bakubung Platinum Myn.

Wesizwe Registrasienommer 2003/020161/06
Aandeelkode: WEZ ISIN: ZAE000075859 ("Wesizwe" of "die Groep") www.wesizwe.com

Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

	Aan-tekening	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
BATES				
Nie-bedryfsbates		**2 886 939**	2 584 184	2 664 691
Eiendom, masjinerie en toerusting	6	**1 951 091**	1 657 227	1 734 383
Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate		**15 719**	11 749	13 760
Belegging in ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie	7	**920 129**	915 208	916 548
Bedryfsbates		**1 126 632**	1 333 820	1 276 472
Lening aan die Bakubung-gemeenskap	8	**–**	4 464	–
Ander debiteure		**31 859**	15 212	30 128
Belasting		**4 724**	–	9 544
Beperkte kontant	9	**61 494**	28 244	69 307
Kontant en kontantekwivalente		**1 028 555**	1 285 900	1 167 493
Totale bates		**4 013 571**	3 918 004	3 941 163
EKWITEIT EN LASTE				
Kapitaal en reserwes		**3 629 641**	3 589 720	3 625 222
Aandelekapitaal	10	**16**	16	16
Aandelepremie	10	**3 425 528**	3 425 528	3 425 528
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe		**472 179**	472 179	472 179
Beskikbaar-vir-verkoop finansiële batereserwe		**1 948**	1 012	1 529
Opgelope verlies		**(270 030)**	(309 015)	(274 030)
Nie-bedryfslaste		**281 977**	285 251	281 362
Uitgestelde belastinglas		**268 846**	285 251	268 775
Omgewingsrehabilitasie-verpligting		**13 131**	–	12 587
Bedryfslaste		**101 953**	43 033	34 579
Handels- en ander krediteure		**100 673**	23 800	33 299
Belasting		**1 280**	19 233	1 280
Totale ekwiteit en laste		**4 013 571**	3 918 004	3 941 163

Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

	Aan-tekening	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Bedrywighede				
Ander inkomste		**83**	96	–
Administratiewe uitgawes		**(27 256)**	(17 491)	(51 895)
Aandeel van wins/(verlies) van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie (netto van belasting)	7	**3 581**	(7 012)	3 515
Waardedaling van lening aan die Bakubung-gemeenskap	8	**(2 741)**	(3 793)	(8 257)
Verlies met verwatering van belang in ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie		**–**	–	(9 187)
Netto bedryfskoste		**(26 333)**	(28 200)	(65 824)
Finansieël				
Rente-inkomste		**35 225**	3 403	46 255
Valutaverlies		**–**	(4 666)	(4 666)
Rente-onkoste		**(1)**	(2 061)	(486)
Netto finansiële inkomste/(uitgawe)		**35 224**	(3 324)	41 103
Wins/(verlies) uit bedrywighede		**8 891**	(31 524)	(24 721)
Ekwiteitsfinansiering				
Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe		**–**	(408 002)	(408 002)
Valutawins op opbrengste		**–**	60 585	60 585
Netto ekwiteitsfinansieringskoste		**–**	(347 417)	(347 417)
Wins/(verlies) voor belasting		**8 891**	(378 941)	(372 138)
Inkomstebelasting	11	**(4 891)**	(14 371)	13 811
Wins/(verlies) vir die tydperk		**4 000**	(393 312)	(358 327)
Ander omvattende inkomste				
Toename in billike waarde van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate		**419**	–	517
Totale ander omvattende inkomste		**419**	–	517
Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die tydperk		**4 419**	(393 312)	(357 810)
Verdienste/(verlies) per aandeel				
Basiese verdienste/(verlies) per aandeel (sent)	20	**0.25**	(36.97)	(26.58)
Verwaterde verdienste/(verlies) per aandeel (sent)	20	**0.25**	(36.97)	(26.58)
Wesensverdienste/(-verlies) per aandeel (sent)	20	**0.25**	(36.61)	(25.90)

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit

	Aan-dele kapitaal R'000	Aandele-premie R'000	Aandeel-gebaseerde betalings-reserwe R'000	Beskikbaar-vir-verkoop reserwes R'000	(Opgelope verlies)/ behoue verdienste R'000	Totaal R'000
Saldo op 1 Januarie 2011	**8**	**1 955 159**	**65 384**	**1 012**	**84 297**	**2 105 860**
Uitgif van aandele – Chinese konsortium	8	1 505 002	–	–	–	1 505 010
Aandeeluitgif-uitgawes	–	(34 633)	–	–	–	(34 633)
Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe	–	–	406 795	–	–	406 795
Verlies vir die tydperk	–	–	–	–	(393 312)	(393 312)
	8	1 470 369	406 795	–	(393 312)	1 483 860
Saldo op 30 Junie 2011	**16**	**3 425 528**	**472 179**	**1 012**	**(309 015)**	**3 589 720**
Ander omvattende inkomste	–	–	–	517	–	517
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	34 985	34 985
	–	–	–	517	34 985	35 502
Saldo op 31 Desember 2011	**16**	**3 425 528**	**472 179**	**1 529**	**(274 030)**	**3 625 222**
Ander omvattende inkomste	–	–	–	419	–	419
Wins vir die tydperk	–	–	–	–	4 000	4 000
	–	–	–	419	4 000	4 419
Saldo op 30 Junie 2012	**16**	**3 425 528**	**472 179**	**1 948**	**(270 030)**	**3 629 641**

Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloei

	Aan-tekening	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	19	**36 423**	(27 015)	(61 548)
Finansieringsinkomste		**37 008**	3 403	26 068
Finansieringsuitgawe		**(1)**	(2 061)	(156)
Belasting betaal		**–**	–	(15 791)
Kontant gegenereer/(aangewend) deur bedrywighede		**73 430**	(25 673)	(51 427)
Kontantvloei aangewend deur beleggingsaktiwiteite				
Verkryging van eiendom, masjinerie en toerusting as gevolg van verhoogde bedrywighede		**(216 858)**	(74 284)	(139 571)
Koop van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate		**(1 540)**	(1 466)	(2 960)
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite		**(218 398)**	(75 750)	(142 531)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite				
Kapitaal geskep uit aandeeluitgif		**–**	1 565 595	1 565 595
Aandeeluitgif-uitgawes		**–**	(34 633)	(34 633)
Oorbruggingslening geskep		**–**	17 800	17 800
Oorbruggingslening		**–**	(51 070)	(51 070)
Gelykmakingslas terugbetaal		**–**	(120 834)	(125 830)
Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite		**–**	1 376 858	1 371 862
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente		**(144 968)**	1 275 435	1 177 904
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk		**1 216 613**	38 709	38 709
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk		**1 071 645**	1 314 144	1 216 613
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk behels:				
Kontant en kontantekwivalente		**1 010 151**	1 285 900	1 147 306
Beperkte kontant		**61 494**	28 244	69 307
Kontant aan einde van jaar		**1 071 645**	1 314 144	1 216 613
Rente opgeloop		**18 404**	–	20 187
		1 090 049	1 314 144	1 236 800

Aantekeninge by die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting

Vir die ses maande geëindig 30 Junie 2012

1. Verslagdoenende entiteit

Wesizwe Platinum Limited ("Wesizwe" of "die Maatskappy") is 'n Maatskappy wat in die Republiek van Suid-Afrika gedomisilieer is. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting van die Maatskappy op 30 Junie 2012 het betrekking op die Maatskappy, sy filiale en die Groep se belang in sy ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie (gesamentlik die "Groep"). Die gekonsolideerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 31 Desember 2011 is op versoek beskikbaar by die Maatskappy se geregistreerde kantoor by Eenheid 13, 2de Verdieping, Melrose Boulevard 3, Melrose Arch, Johannesburg, 2076 of by www.wesizwe.com.

2. Voldoeningsverklaring

Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting is opgestel ooreenkomstig IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Internasionale Rekeningkundige Standaarderaad en AC 500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykekomitee asook die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, nommer 71 van 2008. Dit sluit nie al die inligting soos vereis vir volledige finansiële jaarstate in nie, en moet saam met die gekonsolideerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 31 Desember 2011 gelees word. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting is op 20 September 2012 deur die direksie goedgekeur.

3. Hoof rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is deur die Groep in die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting stem ooreen met dit wat deur die Groep in sy gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2011 toegepas is.

4. Ramings

Die opstel van die tussentydse finansiële inligting vereis dat bestuur beoordelings, ramings en aannames maak wat die toepassing van rekeningkundige beleid en die gerapporteerde bedrae van bates en laste, inkomste en uitgawes, beïnvloed. Werklike resultate mag verskil van hierdie ramings.

By die opstel van die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting, was die wesenlike beoordelings wat deur bestuur gemaak is in die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid en die sleutelramingsbronne, behalwe soos hieronder uiteengesit, dieselfde as dit wat in die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2011 gebruik is.

Gedurende die ses maande geëindig 30 Junie 2012, het bestuur sy ramings ten opsigte van die volgende herassesseer:

- Die belegging in Maseve (verwys na aantekening 7)
- Rehabilitasieverpligting (verwys na die 2011 geïntegreerde verslag, bladsy 97)

5. Lopende onderneming

Die huidige kontantbronne is voldoende vir die befondsing van die projekontwikkelings- en administratiewe koste tot aan die einde van die eerste kwartaal van 2013. Die maatskappy sal op daardie stadium afhanklik word van die besikbaarheid van die leningsbefondsing in die bedrag van VS$650 miljoen wat China-Africa Jinchuan Investment Bpk. verplig is om te verskaf ingevolge die inskrywingsooreenkoms wat in Mei 2011 onderteken is en is besig om saam met die uitvoerende direkteure van Wesizwe, 'n leningsfasiliteit by die China Development Bank te skep.

In die lig van die heersende marktoestande, en onlangse gebeure in die plaaslike platinumsektor, is die bestuur van mening dat dit raadsaam is om gebeurlikheidsplanne gereed te hê indien oponthoude met die finalisering van die VS$650 miljoen skuldfasiliteit ondervind word. In hierdie verband word daar ondersoek ingestel na 'n plaaslike oorbruggingsfasiliteit vir 'n bedrag wat voldoende is om die projek tot Desember 2013 te befonds. Voorts is die Maatskappy besig om 'n aggressiewe kontantbewaringsplan te implementeer om alle uitgawes wat nie direk verband hou met die projek se kritiese verloop nie, uit te stel, of indien moontlik, te elimineer. Die Maatskappy sal 'n minimum kontantreserwe in stand hou om te verseker dat kontantverpligtinge te alle tye nagekom word.

Alle pogings word aangewend om hierdie befondsing te skep, maar indien dit nie op daardie stadium beskikbaar is nie, bestaan daar wesenlike onsekerheid rondom die groep se vermoë om in die gewone gang van sake sy bates te realiseer en sy verpligtinge na te kom.

6. Eiendom, masjinerie en toerusting

'n Bedrag van R217.4 miljoen is gedurende die oorsigtydperk gekapitaliseer ten opsigte van eiendom, masjinerie en toerusting as deel van die aktiwiteite om die myn te ontwikkel asook konstruksie-aktiwiteite.

Eiendom, masjinerie en toerusting het op die rapporteringsdatum uit die volgende bateklasse bestaan:

	Eiendom, masjinerie en toerusting R'000	Onvoltooide konstruksie-werk R'000	Mineraal-regte R'000	Totaal R'000
Beginsaldo	13 139	663 515	1 057 729	**1 734 383**
Verkrygings gedurende die tydperk	11 201	206 207	–	**217 408**
Vervreemdings	(6)	–	–	**(6)**
Waardevermindering	(694)	–	–	**(694)**
Sluitingsaldo	23 640	869 722	1 057 729	**1 951 091**

Geen toevoegings het gedurende die oorsigtydperk ten opsigte van mineraalregte plaasgevind nie.

7. Belegging in ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Beginsaldo	**916 548**	922 220	922 220
Aandeel van wins/(verlies) van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie	**3 581**	(7 012)	3 515
Verlies met verwatering van belang	**–**	–	(9 187)
Sluitingsaldo	**920 129**	915 208	916 548

8. Waardedaling van lening aan die Bakubung-gemeenskap

Soos voorheen gerapporteer, het die DMH die Maatskappy versoek om die Bakubung-Ba-Ratheo Koninklike Familie en die gemeenskap by te staan in hulle pogings om behoorlike verrekening van die gemeenskap se bates met betrekking tot Wesizwe te bekom. Gevolglik het Wesizwe fondse voorgeskiet by wyse van direkte betaling aan diensverskaffers. In 2010 het die howe ten gunste van die gemeenskap beslis dat die koste van regsgedinge deur die respondente betaal moet word.

By evaluering van die verhaalbaarheid van die lening, is bestuur van mening dat die verhaalbaarheid van die nie-regsfooie binne die volgende 6 tot 12 maande twyfelagtig is en het, ooreenkomstig 'n konserwatiewe benadering, gevolglik die lening vir rekeningkundige doeleindes verswak.

Op die rapporteringsdatum, het Wesizwe verdere regsuitgawes wat in 2010 met betrekking tot bogenoemde aangeleentheid aangegaan is, opgeloop. 'n Bedrag van R2.7 miljoen is ná die rapporteringsdatum namens die gemeenskap aan diensverskaffers betaal.

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Beginsaldo	**–**	8 257	8 257
Lening voorgeskiet aan die gemeenskap	**2 741**	–	–
Lening verswak	**(2 741)**	(3 793)	(8 257)
Sluitingsaldo	**–**	4 464	–

9. Beperkte kontant

Beperkte kontak dek die volgende waarborge:

- R28.7 miljoen (Junie 2011: R27.4 miljoen) ten gunste van die DMH met uitreiking van die mynlisensie;
- R0.9 miljoen (Junie 2011: R0.8 miljoen) gewaarborg aan die verhuurder vir die bedryfsbruikhuurooreenkoms; en
- R31.8 miljoen ten gunste van Eskom vir fase 1 grootmaat kragvoorsiening aan die Bakubung Platinum Myn.

10. Aandelekapitaal en aandelepremie

Aandelekapitaal

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Gemagtig			
2 000 000 000 (2011: 2 000 000 000) gewone aandele van R0.00001 elk	**20**	20	20
Uitgereik			
1 627 827 058 (2011: 1 627 827 058) gewone aandele van R0.00001 elk	**16**	16	16

Aandelepremie

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Begingsaldo	**3 425 528**	1 955 159	1 955 159
Premie op uitgif van 829 884 460 aandele	**–**	1 505 002	1 505 002
Aandeeluitgif-uitgawes	**–**	(34 633)	(34 633)
Totaal	**3 425 528**	3 425 528	3 425 528

Die spesiale besluit ten opsigte van die aanvaarding van die Aandelekapitaalomskepping en die Akte van Inkorporasie is op Maandag, 3 September 2012 by CIPC geregistreer. Aandeelhouers is vervolgens in kennis gestel dat die Maatskappy se aandele op 6 September 2012 as aandele sonder pariwaarde begin verhandel het.

11. Belasting

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Huidige jaar – normale belasting	**(4 820)**	(19 233)	(7 527)
Huidige jaar – uitgestelde belasting	**(71)**	4 862	21 338
Totaal	**(4 891)**	(14 371)	13 811
Rekonsiliasie van effektiewe belastingkoers	**%**	%	%
Standaard belastingkoers	**28.0**	28.0	28.0
Aangeslane verlies aangewend/onaangewend	**–**	7.9	7.9
Nie-aftrekbare uitgawes	**27.0**	(32.1)	(32.5)
Aandeel van verlies met verwatering van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie	**–**	–	0.3
	55.0	3.8	3.7

12. Finansiële resultate

Aangesien die Groep besig is met die ontwikkeling van 'n myn, sal geen inkomste uit mynbou-aktiwiteite verdien word totdat 'n myn met produksie begin nie.

Die wins na belasting vir die ses oorsigmaande het R4.0 miljoen (2011: totale verlies van R393.3 miljoen) bedra. Die totale verlies vir die tydperk bestaan uit administratiewe uitgawes van R27.3 miljoen, aandeel van inkomste van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie van R3.6 miljoen, en netto finansieringsinkomste van R35.2 miljoen.

Administratiewe uitgawes van R27.3 miljoen sluit die volgende in:

- Waardevermindering – R0.7 miljoen (Junie 2011: R0.6 miljoen)
- Professionele fooie – R2.9 miljoen (Junie 2011: R0.5 miljoen)
- Direkteursuitgawes – R3.5 miljoen (Junie 2011: R1.5 miljoen)
- Salarisse en betaalstaatverwante uitgawes – R11.2 miljoen (Junie 2011: R6.7 miljoen)
- Bemarkingsuitgawes en beleggersverhoudings – R2.7 miljoen (Junie 2011: R1.9 miljoen)
- Gemeenskapsvolhoubaarheidsprojekte – R1.8 miljoen (Junie 2011: R1.1 miljoen)
- Ander administratiewe bokoste – R4.5 miljoen (Junie 2011: R5.2 miljoen)

Die basiese verdienste per aandeel vir die tydperk het 0.25 sent per aandeel (Junie 2011: basiese verlies van 36.97 sent per aandeel) bedra. Die wesensverdienste per aandeel het 0.25 sent per aandeel (Junie 2011: wesensverlies van 36.61 sent per aandeel) bedra.

13. Onafhanklike oorsig

Die verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie op 30 Junie 2012 en verwante verkorte gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloei vir die tydperk is deur KPMG Ing. hersien. Hulle ongewysigde verslag beklemtoon die aangeleenthede uiteengesit in aantekening 5 en is by die Maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

14. Segmentverslagdoening

Geen segmentverslag is opgestel nie aangesien die Groep eksplorasie-aktiwiteite uitvoer in een geologiese ligging wat sy enigste besigheidsaktiwiteit verteenwoordig.

'n Bedryfsegment is 'n komponent van die Groep wat besigheidsaktiwiteite uitvoer wat moontlik inkomste kan genereer en uitgawes kan veroorsaak, insluitende inkomste en uitgawes wat verband hou met transaksies met enige van die Groep se ander maatskappye. Die bedryfsresultate van die Groep as geheel word gereeld deur die Groep se HUB hersien sodat besluite geneem kan word oor die toekenning van hulpbronne en assessering van sy prestasie.

15. Minerale hulpbronne

Daar was geen veranderings aan die minerale hulpbronne vir die ses maande geëindig 30 Junie 2012 nie.

16. Beoordelings deur direkteure en bestuur

Behalwe vir die waardedaling wat vroeër gerapporteer is, is die bestuur van Wesizwe vol vertroue dat die bates van die Groep nie verswak het nie.

17. Daaropvolgende gebeure

Daar was geen gebeure wat ná die rapporteringsdatum plaasgevind het wat verdere openbaarmaking in hierdie finansiële resultate vereis nie. Verwys na aantekeninge 8 en 10.

18. Verbintenisse

Die Groep het op 30 Junie 2012 verbintenisse in die bedrag van R1.7 miljard gehad. Hierdie bedrag sluit in die verbintenis ten opsigte van die skagsinkingsooreenkoms, wat R1.4 miljard bedra (meer as 90% van die totale verbintenisse). Hierdie bedrag sal oor die volgende ses jaar tot Junie 2018 bestee word, en betalings sal ooreenkomstig fisiese vordering plaasvind.

19. Rekonsiliasie van (verlies)/wins vir die tydperk met kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite

	Aan-tekening	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Wins/(verlies) uit bedrywighede		**8 891**	(31 524)	(24 721)
Rente-inkomste		**(35 225)**	(3 403)	(46 255)
Rente-uitgawe		**1**	2 061	486
Valutaverlies		**–**	–	4 666
Aandeel van wins/(verlies) van ekwiteits-verantwoorde beleggingsinstansie investee (netto van belasting)		**(3 581)**	7 012	(3 515)
Waardevermindering		**694**	609	1 326
Verlies met verwatering van belang in ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie		**–**	–	9 187
Waardedaling van lening aan Bakubung-gemeenskap	8	**2 741**	3 793	8 257
Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe		**–**	(1 207)	(1 207)
Bedryfsverlies voor bedryfskapitaalveranderings		**(26 479)**	(22 659)	(51 776)
Veranderings in bedryfskapitaal		**62 902**	(4 356)	(9 772)
Toename in ander debiteure		**(1 731)**	(5 941)	(20 857)
Toename in handels- en ander krediteure		**64 633**	1 585	11 085
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		**36 423**	(27 015)	(61 548)

20. Verdienste/(verlies) per aandeel

	Ses maande geëindig Junie 2012 Nagesien R'000	Ses maande geëindig Junie 2011 Nagesien R'000	Jaar geëindig Desember 2011 Geouditeer R'000
Die berekeningsgrondslag vir basiese verdienste/(verlies) per aandeel is:			
Toeskryfbare wins/(verlies) aan gewone aandeelhouers (Rand)	**4 000 355**	(393 310 141)	(358 326 233)
Geweegde gemiddelde getal gewone uitgereikte aandele (aandele)	**1 627 827 058**	1 063 872 425	1 348 167 363
Basiese verdienste/(verlies) per aandeel (sent)	**0.25**	(36.97)	(26.58)
Die berekeningsgrondslag vir verwaterde verdienste/(verlies) per aandeel is:			
Toeskryfbare wins/(verlies) aan gewone aandeelhouers (Rand)	**4 000 355**	(393 310 141)	(358 326 233)
Geweegde gemiddelde getal gewone uitgereikte aandele (aandele)	**1 627 827 058**	1 063 872 425	1 348 167 363
Verwaterde verdienste/(verlies) per aandeel (sent)	**0.25**	(36.97)	(26.58)
Die berekeningsgrondslag vir wesensverdienste/(-verlies) per aandeel is:			
Toeskryfbare wins/(verlies) aan gewone aandeelhouers (Rand)	**4 000 355**	(393 310 141)	(358 326 233)
Aanpassings:	**–**	3 793 036	9 186 957
Waardedaling van lening aan die Bakubung-gemeenskap	**–**	3 793 036	–
Verlies met verwatering van belang in ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansie	**–**	–	9 186 957
Wesensverdienste/(verlies) (Rand)	**4 000 355**	(389 517 105)	(349 139 276)
Geweegde gemiddelde getal gewone uitgereikte aandele (aandele)	**1 627 827 058**	1 063 872 425	1 348 167 363
Wesens- en verwaterde wesensverdienste/(-verlies) per aandeel (sent)	**0.25**	(36.61)	(25.90)

Kommentaar

Finansiële oorsig

Die wins vir die ses oorsigmaande het R4.0 miljoen bedra (Junie 2011: verlies van R393.3 miljoen). Die wins vir die ses-maande tydperk bestaan uit administratiewe uitgawes van R27.3 miljoen (Junie 2011: R17.5 miljoen), netto rente-inkomste van R35.2 miljoen (Junie 2011: R3.4 miljoen) en 'n ekwiteitsverantwoorde aandeel van wins van Maseve Investments 11 (Edms) Bpk. van R3.6 miljoen (Junie 2011: verlies van R7.0 miljoen).

Die basiese verdienste per aandeel vir die tydperk het 0.25 sent per aandeel (Junie 2011: basiese verlies van 36.9 sent per aandeel vir dieselfde tydperk) bedra. Die wesensverdienste per aandeel het 0.25 sent per aandeel (Junie 2011: wesensverlies van 36.61 sent per aandeel) bedra.

Die verandering vanaf 'n basiese verlies per aandeel in Junie 2011 tot basiese verdienste per aandeel in Junie 2012 is toe te skryf aan rente-inkomste wat in die Staat van Omvattende Inkomste vir die oorsigtydperk aangeteken is asook 'n eenmalige aandeelgebaseerde betalingsuitgawe van R408.0 miljoen wat in die Staat van Omvattende Inkomste ooreenkomstig IFRS 2 in Junie 2011 aangeteken is. Die aandeelgebaseerde betalingsuitgawe spruit uit die inskrywing op 829 884 460 nuwe aandele deur Jinchuan, CADFund en Micawber 809 (Pty) Ltd in Wesizwe op 4 Mei 2011 teen 'n effektiewe inskrywingsprys van R1.81 per aandeel, vergeleke met 'n markprys van R2.30 per aandeel op die sluitingsdatum.

Die administratiewe uitgawes het gedurende die ses oorsigmaande met 55.8% verhoog vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 2011. Dit is toe te skryf aan die versnelling van die Bakubung Platinum Myn Projek. R217.4 miljoen is gekapitaliseer op die koste van die myn, wat toe te skryf is aan werk op die algemene oppervlakinfrastruktuur, grootmaat dienste en voorbereidingswerk vir die skagsinkingsaktiwiteite. Wesizwe is van voornemens om administratiewe koste te bekamp en die kapitaalbesteding op die Bakubung Platinum Myn te beheer sodat die projek op tyd en binne begroting uitgevoer kan word.

Befondsing

Die Maatskappy se huidige kontantbronne, wat oorbly uit die ekwiteitsbydrae deur China-Africa Jinchuan Investment Bpk, sal die beplande projek- en administratiewe koste tot aan die einde van die eerste kwartaal van 2013 dek. Die Maatskappy sal op daardie stadium afhanklik word van die befondsing wat geskep moet word ooreenkomstig die gesamentlike en afsonderlike onderneming deur Jinchuan en CADFund ingevolge die inskrywingsooreenkoms wat op 4 Mei 2011 onderteken is. Die aansoekproses vir 'n fasiliteit van VS$650 miljoen by China Development Bank asook onderhandeling en finalisering van 'n verrekeningsooreenkoms, wat in beginsel ooreengekom is, is aan die gang en is 'n belangrike voorwaarde waaraan voldoen moet word.

In die lig van die heersende marktoestande, en onlangse gebeure in die plaaslike platinumsektor, is die bestuur van mening dat dit raadsaam is om gebeurlikheidsplanne gereed te hê indien oponthoude met die finalisering van die VS$650 miljoen skuldfasiliteit ondervind word. In hierdie verband word ondersoek ingestel na 'n plaaslike oorbruggingsfasiliteit vir 'n bedrag wat voldoende is om die projek tot Desember 2013 te befonds. Voorts is die Maatskappy besig om 'n aggressiewe kontantbewaringsplan te implementeer om alle uitgawes wat nie direk verband hou met die projek se kritiese verloop nie, uit te stel, of indien moontlik, te elimineer. Die Maatskappy sal 'n minimum kontantreserwe in stand hou om te verseker dat kontantverpligtinge te alle tye nagekom word.

Projekoorsig

Bakubung Platinum Myn

Wesizwe het in April 2012 'n hersiene geraamde kapitaalbegroting vir die ontwikkeling van sy Bakubung Platinum Myn ten bedrae van R7.9 miljard, in 2011 reële terme, aangekondig. Die skagsinkingskontrak is in Maart 2012 toegeken terwyl die verskaffing van grootmaat dienste en ondersteuningsinfrastruktuur ooreeenkomstig die projekplan vorder.

Die besteding ten opsigte van eiendom, masjinerie en toerusting vir die ses oorsigmaande het R217.4 miljoen bedra, en hou grotendeels verband met die voorbereidingswerk vir skagsinking en grootmaat dienste wat deel vorm van die projek se kritiese verloop.

Maseve Investments 11 (Edms) Bpk

Hierdie projek, waarin die Groep 'n 26%-ekwiteitsbelang het, is op skedule en is omvattend hersien en aan verskeie kontroleringstudies onderwerp soos vereis deur die befondsingskonsortium bestaande uit plaaslike en internasionale banke. Op grond van hierdie opgedateerde bankbare uitvoerbaarheidshersiening het die befondsingskonsortium die befondsing ingedien vir finale goedkeuring deur die onderskeie kredietkomitees. Ons het vantevore verslag gedoen dat daar voorsien word dat die balans van die befondsing wat vereis word sodat die projek met produksie kan begin, ten volle gesekureer sal word uit die lening deur bogenoemde konsortium. Die huidige internasionale ekonomiese klimaat en die spesifieke impak op die platinumbedryf het egter veroorsaak dat die befondsingskonsortium 'n proporsionele bydrae en oorskrydingsreserwe deur die aandeelhouers vereis. Hierdie belegging word huidiglik oorweeg. Indien Wesizwe verkies om nie 'n bydrae te maak nie, as gevolg van die belangrikheid van sy eie kernprojek en befondsingsbeperkings, sal dit lei tot 'n verwatering van sy aandelebelang in Maseve Investments 11 (Edms) Bpk.

Markte en projekaantreklikheid

'n Tussentydse hersiening van verskaffing, aanvraag en pryse is uitgevoer in samewerking met die adviseurs wat deur Wesizwe gebruik word en alhoewel huidige voorspellings dui op 'n dieper en selfs langer verlangsaming as wat vantevore geprojekteer is, is ons steeds vol vertroue dat die marktoestande gunstig sal wees wanneer Wesizwe se projekte met produksie afskop.

Die terme gekwoteer in die verskeie voorleggings deur smelters is gunstiger as die konserwatiewe terme wat gebruik is in die uitvoerbaarheidstudie en sal 'n positiewe impak hê op die projekwaarde volgens 'n gediskonteerde kontantvloei.

Op grond van bogenoemde, is Wesizwe steeds vol vertroue oor sy projek gediskonteerde kontantvloeiresultate soos gepubliseer in die 2011 geïntegreerde verslag.

Bakubung Platinum Myn ontwikkelingsprojek bied plaaslike werkverskaffingsgeleenthede

In lyn met die Groep se verbintenis tot die ondersteuning van volhoubare plaaslike ekonomiese ontwikkeling, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling, het Wesizwe werksgeleenthede aan gemiddeld 30% van die totale personeelgetal aan plaaslike mense uit die nabygeleë Bakubung-Ba-Ratheo gemeenskap gebied by sy Bakubung Platinum Myn. Dit vind plaas ooreenkomstig voortgesette gemeenskapsvaardigheidsoudit en werwingspogings om die gesamentlike basis van plaaslike vaardighede, bevoegdheid en kennis te bepaal. Meer as 2 500 mense is vasgelê in 'n vaardigheidsdatabasis vir huidige en toekomstige gebruik. Behalwe vir die werwing van plaaslike geskoolde arbeid vir die Bakubung Platinum Myn, het die vaardigheidsoudit gehelp met die ontwikkeling van 'n gefokusde vaardigheidsontwikkelingsprogram om die tekort aan vaardighede in die plaaslike gemeenskap asook die gebrek aan kapasiteit in die huidige potensiële arbeidsmag aan te spreek.

Aanstelling van Aveng Grinaker-LTA Mining as die skagsinkingskontrakteur vir die Bakubung Platinum Myn

Wesizwe het in Maart 2012 nog